higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 4

(9020034)

8 Maart 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

NC(V)

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NC CAD

VRAAG 1

1.1 Definieer die volgende:

1.1.1 Omgewing

1.1.2 Omgewingsgesondheid

(2 × 2) (4)

1.2 Hoekom is dit belangrik dat mense na hulle omgewing moet omsien? (4 × 2) (8)

1.3 Wat kan ons doen om 'n gesonde omgewing te bevorder? (4 × 2) (8)

1.4 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Michelle is die laaste tyd baie besig en het nie tyd om kos te maak nie, daarom eet sy elke dag dieselfde soort voorafbereide maaltyd ('ready-made meal') as sy honger is. Haar kollegas sê sy sal 'n tekort aan noodsaaklike voedingstowwe ('essential nutrients') ontwikkel as sy so aangaan.

1.4.1 Wat is noodsaaklike voedingstowwe? (2)

1.4.2 Noem EEN soort mikrovoedingstof ('micronutrient'). (1)

1.4.3 Teken die volgende tabel in jou ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit. Noem DRIE primêre makrovoedingstowwe ('macronutrients') en TWEE goeie voedselbronne van elk.

DRIE MAKROVOEDINGSTOWWE	TWEE VOEDSELBRONNE PER VOEDINGSTOF

(3 × 3) (9)

1.4.4 Verduidelik hoekom dit belangrik is dat Michelle 'n groter verskeidenheid voedselsoorte begin eet. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 2

2.1 Rangskik en skryf die volgende afvalbestuuropsies ('options for the management of waste') in die korrekte volgorde van die mees verkieslike tot die mins verkieslike vir omgewingsgesondheid:

hergebruik ('reuse); energieherwinning ('energy recovery'); afvalvoorkoming ('waste prevention'); wegdoening ('disposal'); herwinning ('recycling')

(5)

2.2 Teken die volgende tabel in jou ANTWOORDBOEK oor en vul elke opsie op die lys hier onder in die regte kollom in.

BIOAFBREEKBAAR ('BIODEGRADABLE')	**NIEBIOAFBREEKBAAR ('NON-BIODEGRADABLE')**

houtspeelgoed; piesangskil; plastiekbottel; selfoon; eierdop

(5)

2.3 Wat is waterbesoedeling? (2)

2.4 Noem VIER besoedelende stowwe ('pollutants') wat water kan besmet. (4)

2.5 Watter korttermyneffekte kan lugbesoedeling op menslike gesondheid hê? (4 × 1) (4)

2.6

Kollegestudente luister dikwels met oorfone na baie harde musiek op hul selfone. Party studente loop elke dag met 'n blêrboks of luidspreker op die kampus rond en speel klipharde musiek wat ander in die klasse steur.

2.6.1 Is dit 'n soort geraasbesoedeling? Verduidelik jou antwoord. (2)

2.6.2 Watter gevolge kan dit op die gesondheid en welsyn hê van beide dié studente wat die musiek speel en dié wat daardeur in die klas gesteur word? (6)

2.6.3 Noem TWEE tekens dat iemand moontlik gehoorverlies ('hearing impairment') het. (2 × 2) (4)

2.6.4 Noem VIER maniere waarop die motors wat studente op kampus op- en aflaai 'n bron van geraasbesoedeling kan wees. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik wat met die term *gesondheidsopvoeding* ('health education') bedoel word. (3 × 1) (3)

3.2 Noem DRIE algemene kwessies oor openbare gesondheid waarvan mense in Suid-Afrika meer bewus moet wees. (3 × 1) (3)

3.3 Watter gesondheidsbevorderingsmetodes ('health promotion methods') kan gebruik word om bewustheid van kwessies wat ons gesondheid raak, te verhoog. (4 × 1) (4)

3.4 Hoekom is dit belangrik om bewustheid van kwessies wat ons gesondheid raak, te verhoog? (5 × 2) (10)

3.5 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae:

Op 'n wandeling deur die park kom jy 'n vrou teen wat om hulp roep. Toe jy nader gaan, sien jy dat sy nie haar bene kan beweeg nie en dat sy in erge pyn verkeer.

3.5.1 Wat is die nasionale noodnommer ('emergency response')? (1)

3.5.2 Verduidelik of hierdie scenario volgens jou 'n noodsituasie is. (3 × 1) (3)

3.5.3 Noem die DRIE noodhulpbeginsels ('principles of first aid'). (3)

3.5.4 Noem DRIE reëls wat 'n noodhulpwerker moet gehoorsaam wanneer hy/sy noodtoestande hanteer. (3)

3.5.5 Noem die stappe wat jy as noodhulpwerker sal neem wanneer jy op die toneel aankom. (10 × 1) (10)

[40]

VRAAG 4

4.1 Noem EEN voorbeeld van elk van die volgende soort gestremdhede:

4.1.1 Fisiese gestremdheid

4.1.2 Sielkundige ('psychological') gestremdheid

4.1.3 Sensoriese gestremdheid

4.1.4 Niesigbare gestremdheid

4.1.5 Leergestremdheid

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.2 Wat word bedoel met die term *leergestremdheid* ('learning disability')? (2)

4.3 Verduidelik hoekom dit vir 'n mens met 'n gestremdheid voordelig kan wees om 'n troeteldier te hê. (4 × 2) (8)

4.4 Noem AGT vereistes om vir 'n huisdier te sorg. (8 × 1) (8)

4.5 Beveel SES maniere aan waarop versorgers ('caregivers') vir hulself kan sorg en voorkom dat hulle uitbrand terwyl hulle na iemand met 'n gestremdheid omsien. (6 × 2) (12)

[40]

VRAAG 5

5.1 Gee 'n definisie van elk van die volgende terme:

5.1.1 Werknemer

5.1.2 Werkgewer

5.1.3 Werkplek

5.1.4 Beroepsgesondheid en -veiligheid ('occupational health and safety')

(4 × 2) (8)


5.2 Noem die TWEE belangrikste Suid-Afrikaanse wette wat verband hou met beroepsgesondheid en -veiligheid. (2)

5.3 Trek die volgende tabel in jou ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit. Vul VYF verantwoordelikhede van werkgewers en VYF verantwoordelikhede van werknemers in en vergelyk dit met mekaar.

WERKGEWER SE VERANTWOORDELIKHEDE	**WERKNEMER SE VERANTWOORDELIKHEDE**

(5 × 2) (10)

5.4 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae:



Source: http://www.homesafetygame.com/pdf/BAS1.pdf

5.4.1 Watter veiligheidsrisiko's kom in hierdie prent voor? (5 × 1) (5)

5.4.2 Die badkamer is besmet met kokkerotte. Wat kan gedoen word om die plaag te bestuur? (5 × 1) (5)

5.4.3 Watter skoonmaaktake moet uitgevoer word om te verseker dat die badkamer skoon is? (5 × 1) (5)

5.5 Hoekom is muf ('mould') in die huis ongesond en gevaarlik? (5 × 1) (5)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou